# BEAUFORT-WES: 'N OORSIG VAN DIE GESKIEDENIS VAN DIE DORP EN DISTRIK

*Dr. J.J. Marais*

## VESTIGINGSGESKIEDENIS

Gedurende die jare veertig van die agtiende eeu het die volksplanting met rasse skrede na die noordooste uitgebrei. Die eerste veeplase is in die Roggeveld aangelê, waaruit die latere distrikte Sutherland en Fraserburg ontstaan het. Kort ná 1750 is die Klein-Roggeveld verbygetrek en die Koup en Nuweveld binnegetrek en die eerste plase in die latere distrik Beaufort aangelê. In 1760 is die leningsplaas "Hooyvlakte in de Carro" deur goewerneur Ryk Tulbagh aan G.R. Opperman uitgegee. Teen 1798 was daar reeds verskeie boere wat veeplase ver noord van die Nuweveldberge gehad het. Die streek het egter dun bevolk gebly en dr. H. Lichtenstein het in 1804 gemerk dat kmdt. Abraham de Klerk van Hooyvlakte se naaste buurman 100 km ver verwyder was.

Rondswerwende en roofsugtige Boesmans was 'n bron van groot gevaar. Die Boesmans is uiteindelik deur burgers onder kmdt. Adriaan van Jaarsveld noordwaarts oor die Oranjerivier verdryf, waarna die plaasbewoners vryer kon asemhaal.

Toe die eerste veeboere die Koup en Nuweveld binnegetrek het, was daar nog net drie distrikte: die Kaapse distrik, Stellenbosch en Swellendam. Teen 1769 is die streek noord van die Swartberge as deel van Stellenbosch verklaar en met die stigting van Graaff-Reinet in 1798 het die Gamka die wesgrens daarvan uitgemaak. Rondswerwende Hottentotte, Boesmans en Basters was nog steeds lastig. Gewetenlose persone het smokkelhandel in vuurwapens en kruit met die inboorlinge gedrywe. Veerowery was ook aan die orde van die dag, maar die wetsoortreders het nét noordwaarts oor die Gariep gevlug. Dit was om 'n einde hieraan te maak dat lord Charles Somerset die distrik Beaufort op 27 November 1818 geproklameer het. Die nuwe distrik wat gevorm is uit die oostelike deel van Tulbagh en die westelike deel van Graaff-Reinet, het uit tien veldkornetskappe bestaan. Die noordelike grens was onbepaald maar het in die praktyk bestaan uit die verste plaas in die rigting van die Gariep.

## DORPSTIGTING

Die landdroste van Tulbagh en Graaff-Reinet het kmdt. Abraham de Klerk se plaas Hooyvlakte, geleë aan die voet van die Nuweveldberge, as setel van die nuwe distrik gekies. Die plaas is van De Klerk gekoop vir 13 333 riksdaalders. Die proklamasie van 27 November 1818 lui: "The Opstal of the place formerly called the Hooy Vlakte, having been purchased for this purpose, the residence of the public Functionaries will be established there and Erven, from time to time, be disposed of as the Inhabitants of the new Town shall be deemed to require." 6 000 riksdaalders is afgesonder om die bestaande geboue op te knap, sodat dit kon dien as woonhuise vir die landdros, predikant, klerk van die landdros, as gevangenis en as geboue vir die ondergeskikte amptenare van die drosdy. Lord Charles Somerset het die dorp en distrik na sy vader, die vyfde hertog van Beaufort, vernoem. Eers in later jare het die "Wes" bygekom om dit te onderskei van Port Beaufort en Fort Beaufort.

Om die swerwende Boesmans en Basters te oorreed om hulle binne die grense van die Kolonie te hou, het die owerheid die plaas Kookfontein aangekoop as nedersetting vir hulle. Om die onwettige smokkelhandel in die noordelike gebiede teë te gaan, is 'n halfjaarlikse mark en veeveiling op Kookfontein in die lewe geroep. Hierdie mark het nie alleen smouse en veespekulante bevoordeel nie maar ook baie vir die ekonomie beteken. Eerw. John Campbell verhaal dat met 'n veiling in 1820 daar 21 waens en baie vee uit Griekwastad op Kookfontein opgedaag het.


Kmdt. Abraham de Klerk was die vader van Beaufort-Wes. Hy was 'n kleinseun van die stamvader Abraham de Klerk (vroeër Le Clerque) uit Strasskirchen. Gedurende die laaste kwart van die 18de eeu het Abraham, die jonge, saam met sy vader uit Stellenbosch getrek en die plaas Hooyvlakte aangeskaf waar hulle 'n woonhuis gebou het. Sowel dr. H. Lichtenstein as Augusta de Mist het getuig van Abraham se gulhartigheid, hulpvaardigheid en gasvryheid.

## GODSDIENS

### Ned. Geref. Kerk

Eers vanaf April 1819 is daar gereeld op Beaufort kinders gedoop maar daar was nog geen behoorlike geestelike bearbeiding nie. In die proklamasie van 27 November word ook kennis gegee van die aanstelling van ds. John Taylor as predikant van die distrik. Taylor was ook verantwoordelik vir sendingwerk onder die Nie-Blankes. Hy het onder besonder moeilike omstandighede met sy bediening begin: daar was geen pastorie nie en hy moes vier jaar lank 'n derdeklas-woonhuisie met 'n ander gesin deel. Dienste is by 'n populierboom digby die damwal gehou en die kerk het uit 'n tent van bokseile bestaan. Vir anderhalf jaar het Taylor herderlike werk verrig sonder dat daar 'n kerkraad of gemeente in kerkregtelike sin was. Op 16 Mei 1820 is die eerste vyf

*Die Christ Church van die Anglikaanse gemeente wat deur Sophia Gray van Kaapstad ontwerp is. Dit is in Desember 1872 in gebruik geneem.*
FOTO: W.G.H. VIVIER.



kerkraadslede gekies. In 1824 is Taylor na Cradock verplaas en opgevolg deur ds. Colin Fraser, die oue, wat Beaufort van 1825 tot 1862 bearbei het — die langste dienstermyn van enige Ned. Geref. predikant op Beaufort. Hy was die grootvader van mev. pres. M.T. Steyn, en die dorp Fraserburg is na hom vernoem. Die eerste kerkraadsvergadering was dié van Februarie 1825. Hierdie vergadering het 'n versoekskrif aan die goewerneur gerig vir die oprigting van 'n kerk. Op 16 Oktober 1826 is die hoeksteen gelê van die kerk wat van 1831 tot 1892 gebruik is. In Oktober 1892 is die hoeksteen van 'n nuwe kerk gelê wat in 1894 ingewy is.

Een van die bekendste predikante was dr. W.P. de Villiers wat Beaufort van 1868 tot 1875 bearbei het voordat hy 'n beroep na Carnarvon aangeneem het.

*N.G. Kerkgebou in Donkinstraat, Oktober 1961.*

FOTO: W.G.H. VIVIER.



As jong man het hy reeds belang gestel in die lief en leed van volk en land. Hy is 1879 as lid van die Afrikanerbond vir Beaufort tot die Kaapse Wetgewende Vergadering verkies. In die parlement het hy hom beywer vir Christelik-Nasionale onderwys. Hy het ook die eerste mosie ten gunste van Nederlands as debatstaal ingedien en versoek "...dat het gebruik van die Hollandse Taal in het toespreking van een van beide Parlementshuizen, naar verkiezing zal kunnen plaatsvinden." De Villiers was een van die eerste vyf hoofbestuurslede van die Taalbond. Jan Roeland George Luttig, De Villiers se opvolger as LWV vir Beaufort, het op 13 Junie 1883 die eerste toespraak in Nederlands gelewer.

Ds. Paul Hendrik Roux het in 1905 'n beroep na Beaufort-Wes aanvaar en is op 3 November deur die gemeente verwelkom. Hy het baie sterk gevoel oor die opvoeding, veral van sy mindergegoede volksgenote, was 'n groot sendingvriend en het in 1907 drie maande lank in Duitswes gewerk. Op 6 Junie 1910 het hy en ds. P.K. Albertyn na Njassaland vertrek, waar hy in Augustus slaapsiekte opgedoen het, en teen Desember was hy terug in sy gemeente. Hy is op 8 Junie 1911 oorlede.

**Ned. Geref. Sendingkerk**

Eerw. Erasmus Smit van die Londense Sendinggenootskap — swaer van trekleier Gerrit Maritz en leraar van die Voortrekkers — het omstreeks 1820 sendingwerk op Kookfontein gedoen, maar ná sy vertrek het ds. Taylor dit behartig. Die werk is gestrem weens gebrek aan 'n kerkgebou. In 1839 het ds. Fraser die oprigting van 'n "Gesticht" of "Oefeningshuis" bepleit "...alwaar de Heidenen kunnen onderweezen worden." Die heer A. Cormack het omstreeks 1844 so 'n "Oefeningshuis" op eie koste gebou en die kerkraad het dit twaalf jaar lank gehuur. Dit was 'n dagskool vir Nie-Blankes en Fraser het aanddienste vir die Bruinmense gehou. Eerw. G.A. Kraut van Olifantshoek het op 1 November 1849 met dienste begin maar kort daarna as voltydse meester onderrig in die "consistorie school" begin gee. Eerw. Nicolaas Meeser, die eerste gebore Afrikaner wat as sendeling georden is, is in 1859 as sendeling aangestel. Teen 1860 was daar sowat 60 Nie-Blanke lidmate. Die amptelike stigtingsdatum van die gemeente is 21 April 1862. Op 6 Desember 1872 het eerw. P. Teske (1862—97) sy kerkraad ingelig dat 'n kerk voltooi is; Teske het eiehandig die preekstoel gebou. Tydens eerw. R.D. Kretzen se diensternyn (1904—11) is 'n bedehuis in die lokasie gebou vir die bearbeiding van Kleurling en Bantoe. Die twee groepe het deurmekaar gewoon en dieselfde kerk besoek, en tydens bidure is daar in verskeie tale gebid: Nederlands, Engels, Xhosa, Sotho en Korana.

**Ned. Geref. Bantoekerk**

Teen 1850 was daar heelwat Fingo's in die distrik en ds. Fraser het met behulp van 'n tolk dienste gehou. Vroeg in die 20ste eeu het Kretzen en sy kerkraad besondere aandag aan die geestelike arbeid van die Bantoe gegee, maar die tolkery het die werk baie bemoeilik. Die volgende daadwerklike stap in hierdie verband was dié van eerw. B.F.G. Bastiaanse wat van 1949 af met prysenswaardige ywer sendingwerk onder die Bantoe gedoen het. In 1960 is 'n doeltreffende houtkerkie en pastorie in die lokasie opgerig, en die getal lidmate het byna verdubbel. In Februarie 1965 het die gemeente sy eerste volwaardige leraar, prop. Solomon Selepe, ontvang.

**Die Anglikaanse Kerk**

Die Anglikaanse gemeente is op Kersdag 1849 onder leiding van eerw. John Maynard gestig. Hulle het beskik oor 'n klipgeboutjie en in 1852 is begin met die bou van 'n volwaardige kerk. Hierdie Christ Church is ontwerp deur Sophia Gray, die vrou van biskop Robert Gray van Kaapstad. Die gemeente het snel uitgebrei en 'n vergrote kerkgebou is op Kersdag 1872 in gebruik geneem. In 1913 is verdere veranderinge aan die bestaande kerkgebou aangebring. Die St. Matthew Church is in 1960 in die Kleurlingbuurt Nuweland opgerig.

**Die Metodistekerk**

Die Free Church of Scotland het in 1858 'n gemeente op Beaufort gestig, en die eerste kerk is in Julie 1862 voltooi. Die gemeente is in 1867 tydelik ontbind maar het in 1883 herleef as die Wesleyan Methodist Church of South Africa. Op 12 Julie 1884 is 'n opgeknapte kerk in gebruik geneem. Die Metodiste was nog altyd baie bedrywig op sendinggebied. Vroeg in die 20ste eeu het hulle 'n kerk en skool in die Bantoewoonbuurt opgerig. In September 1954 is die hoeksteen van 'n kerk gelê in die Kleurlinggebied suidwes van die dorp.

**Die Rooms-Katolieke Kerk**

In 1842 was daar maar tien Rooms-Katolieke in die distrik Beaufort. Die plaaslike gemeente St. Josef is aan die begin van 1875 aan die Lyon-sending toevertrou en daar is 'n perseel aangekoop vir die bou van 'n kapel,

skool en nonneklooster. Op die erf was reeds 'n geboutjie wat na 1869 die *Beaufort Courier* gehuisves het, en dit is tydelik as kerk ingerig. Aanvanklik was die meeste priesters Iere, later het die Palotyne oorgeneem en was die priesters uit Duitsland en Switserland afkomstig. Die skooltjie uit die vorige eeu is in 1922 in 'n siekehuis omgeskep want die dorp het nog nie 'n algemene hospitaal gehad nie. In 1930 is die St. Josef-sendingstasie geopen. Die eerste Suid-Afrikaner wat 'n Roomse priester geword het, was vader Denis McAuliffe wat in 1902 na Beaufort-Wes gekom het; sy arbeidsveld het van Prieska in die noorde tot Worcester in die suide gestrek en het onder meer Marydale, Calvinia, Sutherland, Laingsburg en Prins Albert ingesluit. Met sy heengaan in 1938 was hy op 87 jaar die oudste en bekendste Roomse priester in die land.

**Die Apostoliese Geloofsending**

Stephanus Marais van Fraserburg het in 1927 die AGS op Beaufort-Wes bekend gestel en dienste is in sy huis gehou. Later is ook dienste in ander wonings gehou. Ná 1938 is 'n saal verkry waarin dienste gehou is. Nadat die aanvanklike saal te klein geword het, is 'n nuwe lokaal, die "Oppersaal", in gebruik geneem. Pastoor Tobie de Bruyn was in die jare veertig die eerste voltydse leraar. In 1953 is 'n kerk opgerig en in April 1968 is 'n nuwe perseel vir 'n groter kerkgebou gekoop.

**Die Judaïste**

Teen 10 Maart 1879 was daar minstens tien Judaïste op Beaufort woonagtig. Die gemeenskap het in 1935 tot 32 gegroei maar weer tot 14 in 1963 gekrimp. Die hoeksteen van 'n sinagoge met sitplek vir 100 is in Maart 1922 gelê. Sedert die vyftigerjare het Beaufort-Wes nog nie weer 'n rabbyn gehad nie omdat daar nie meer genoeg lede is nie. Dienste word waargeneem deur die voorsitter van die Joodse gemeenskap.

## PLAASLIKE BESTUUR

Omstreeks 1828 het landdroste in Kaapland plek gemaak vir resident-magistrate en siviele kommissarisse. Die eerste magistraat van Beaufort-Wes was kapt. W.H. Harding. Op 3 Februarie 1837 het daar 'n proklamasie verskyn waarvolgens Beaufort die eerste munisipaliteit in Suid-Afrika geword het met drie "Commissioners" (dorpsraadslede). Die aantal dorpsraadslede is in 1850 uitgebrei tot ses, en 1881 tot sewe. T.W. Maddison is op 25 Mei 1904 tot eerste burgemeester gekies. In 1818 is 'n tronk aan die westekant van die drosdy opgerig. In 1834 is 'n nuwe drosdy in gebruik geneem en die oue in 'n tronk omgeskep. Toe die dorp 'n munisipaliteit geword het, het die Police Establishment of the District of Beaufort bestaan uit 'n "scout" (sipier), twee Blanke en vier Nie-Blanke konstabels. In 1861 was die sipier 'n Amerikaanse Neger. Op 10 November 1873 is 'n nuwe tronk in gebruik geneem.

## KOMMUNIKASIE

Beaufort-Wes is geleë aan die Nuweveldberge in die middel van die Groot Karoo en staan bekend as die hoofstad van die Karoo. Die dorp is geleë aan die hoofroete van Kaapstad na die noorde, 536 km per spoor en 476 km per pad van Kaapstad. Die vernaamste buurdorpe is Loxton in die noorde, Victoria-Wes in die noordooste, Murraysburg en Graaff-Reinet in die ooste, Prins Albert in die suide, Merweville in die suidweste en Fraserburg in die noordweste.

Tot omstreeks 1826 het Beauforters hul pos by die drosdy afgehaal. Nadat die poskoets ingestel is, is pos by die Posting House afgelewer. Van 1838 tot 1852 het 'n dubbelverdiepinggebou die poskantoor gehuisves. In 1851 het H.B. Cardwell die eerste voltydse posmeester geword. In 1875 is die eerste telegraafkantoor in gebruik geneem, en in 1913 het Beaufort-Wes sy eerste telefoonsentrale gekry.

Die eerste trein het op 5 Februarie 1880 op Beaufort-Wes aangekom en die stasie is deur sir Bartle Frere oop verklaar. Die spoorlyn was 'n ernstige terugslag vir die transportryers tussen Kaapstad en Kimberley maar het ekonomiese vooruitgang bevorder.

James Bryant het op 1 Oktober 1869 die eerste uitgawe van die *Beaufort Courier and Government Gazette for the District of Beaufort West, Victoria West, Prince Albert, Fraserburg, Carnarvon and Willowmore* uitgegee. Die *Courier* het 'n blad van aansien geword en is die amptelike publikasie vir regerings-, afdelingsraad- en munisipale kennisgewings vir Beaufort-Wes, Fraserburg, Rietbron, Loxton en Merweville.

Die eerste stygbane van die vliegveld is reeds in 1920 aangelê en sir Pierre van Ryneveld en sir Quinton Brand het op 20 Maart met hul DH9 H5648 "Voortrekker" die vliegveld aangedoen. Op 26 Junie 1950 is 'n moderne intermediêre vliegveld met beheertoring in gebruik geneem.

*Donkinstraat gedurende die twintigerjare.*

FOTO: DR. J.J. MARAIS.



Die eerste munisipale regulasies het bepaal dat die dorpsraad 'n brandweerwa moet aanskaf. Teen die einde van 1852 is watertenks vir brandbestryding op verskillende plekke in die dorp gebou — een was by die Ned. Geref. Kerkgebou. Op 5 Februarie 1884 is bekend gemaak dat 'n brandweerwa uit die VSA ingevoer is. Ná 27 Oktober 1896 is die brandweerwa ook gebruik om die stowwerige strate nat te spuit. Die wa het uiteindelik vir 60 jaar lank waardevolle diens gelewer. Die laaste brand waarheen dit ontbied is, was toe die Good Hope-kafee in 1934 afgebrand het. Die munisipaliteit beskik deesdae oor 'n moderne brandweerwa en die Spoorweë het hul eie brandweerdiens.

**Munisipale stalle en skure**

Die ou dorpsraad het nie hul eie voertuie en trekdiere gehad nie maar hulle het per tender gehuur of karweiers se dienste verkry. Toe die Raad in 1859 die stadhuiserf gekoop het, was daar 'n geboutjie wat die eerste stal geword het. Die Raad het al hoe meer rytuie en diere aangeskaf en in 1902 is besluit om alle stalle, skure en 'n kraal op te rig. In 1946 het die Raad sy laaste elf perde en vyf muile verkoop. Die skure en motorhuise is uitgebrei en vandag beskik die munisipaliteit oor dosyne

motorvoertuie om sy werk mee te verrig.

Toe die dorp nog yl bevolk was, het slawe en bediendes oral in die riviere wasgoed gewas. Op 5 November 1874 het die dorpsraad besluit dat die drif deur die Kuilsrivier die enigste plek vir hierdie werk sou wees en die Raad het twee lang rye betonwasbakke daar laat bou. Gedurende 1918 is 'n afdak oor die wasbakke gebou. Nadat die wassery in onbruik geraak het, het die dak mettertyd verdwyn maar dele van die betonbakke is nog te sien.

Mnre. Rose en Sheppard het van 1837—40 die eerste kruithuis op Beaufort besit. Later het ene Wallis 'n nuwe kruithuis net bokant die uitloop van die Springfonteindam gebou. Transportryers het dikwels langs die water by die kruithuis uitgespan en vuurgemaak. In Mei 1889 het die Dorpsraad beveel dat hierdie gevaarlike gebruik stopgesit word. Omstreeks 1935 is dié kruithuis gesloop. 'n Ander kruithuis wat aan die firma Watson, Tennant & Co. behoort het, se inhoud is deur die Dorpsraad laat verwyder omdat dit 'n gevaar vir die omgewing ingehou het. Omstreeks 1935 is die gebou in 'n stoomkoringmeul omgeskep.

## KULTURELE EN MAATSKAPLIKE BEDRYWIGHEDE

### Biblioteek, argief en museum

Op 5 September 1853 het daar reeds 'n leeskamer bestaan. In 1866 is daar na die pas voltooide stadhuis getrek (die regering het bepaal dat die stadhuis ook 'n biblioteek moet bevat). 'n Nuwe biblioteekgebou is op 21 Maart 1907 in gebruik geneem, en die jongste biblioteek is op 19 April 1967 amptelik geopen. Daar is ook 'n provinsiale streeksbiblioteek wat die openbare munisipale biblioteek van boeke voorsien. Dit beskik oor meer as 100 000 boeke, asmede skilderye, plaatopnames, ens. 'n Nuwe provinsiaal-ondersteunde museum en argief in die ou Ned. Geref. Sendingkerk is op 1 April 1977 in gebruik geneem. Benewens die biblioteekafdeling is daar ook afdelings vir Africana en kunswerke. Van die waardevolste stukke in die versameling is silwer- en glasware wat deur Napoleon Bonaparte tydens sy ballingskap op St. Helena (1815—21) gebruik is. Dié waardevolle stukke is aan die munisipaliteit geskenk deur Benjamin Pritchard, kleinseun van kol. Henry Pritchard, een van die offisiere wat Napoleon tydens sy eilandverblyf bewaak het.

### Die Oddfellowship

Die stigters van Beaufort-Wes se *Loyal Pioneer Lodge* het wel die Britse Oddfellows in gedagte gehad maar het die losie op 'n ander lees geskoei: dit is bloot bedoel as 'n ontspanningsklub vir eenlopers. Die losie is op 5 Januarie 1880 geopen en op 12 April 1882 is 'n pragtige saal in gebruik geneem. Toe die Metodistekerk in 1883 op Beaufort-Wes herleef het, is dienste 'n tyd lank in die Oddfellows-saal gehou. Ná 'n bestaan van ongeveer tien jaar het die losie ontbind.

### Die Dameskiub

Die Beaufort West Ladies' Club is in 1890 gestig en het twee maal per maand in die Lyric Hall byeengekom om gesellig te verkeer. Een maal elke seisoen is 'n groot dansparty gegee waarvoor die Alport Brass Band teen £1-15s per aand plus gratis bier gehuur is. Die ledetal van die klub het meesal tussen 50 en 80 gewissel en het die mees vooraanstaande vroue van die dorp ingesluit.

### Bioskope

Die towerlantern was die voorloper van die bioskoop en die eerste groot kalkligvertonings het op 11 en 12 Maart 1896 in die stadsaal plaasgevind. C.P.L. Alport het in 1910 die Coronation Hall laat oprig, hoofsaaklik vir skaatsbyeenkomste en danspartye. Ná vergroting van die uitgange is die saal ook vir rolprentvertonings gebruik. Op 2 Julie 1921 is by die namiddagvertoning 'n rolprentopname van die gehoor deur die "chief bioscope expert" van African Films gemaak.

## EKONOMIE

### Primêre bedrywe

Graan word in die distrik volgens die saaidammetode van besproeiing verbou. Sedert die dae dat die Hottentotte hul vetstertskape in die Koup — hul woord vir stertvet — laat wei het, is die distrik Beaufort egter beskou as uitmuntend geskik vir skaapboerdery, wat trouens die ekonomiese steunpilaar van die streek is. Arthur Kinnear het in 1836 die wolskaap ingevoer en dié skaap het die hoofbron van inkomste geword. Die laaste paar jaar word daar ook met Karakoelskaap geboer, en die distrik lewer ook bokhaar. Daar is drie perdestoeterye waar eersterangse renperde geteel word.

### Mynbou

Ná die ontdekking van diamante in Kimberley het die diamantkoors ook in Beaufort-Wes vaardig geraak en 'n *Beaufort West Diamond Mining Co Ltd* het in 1871 tot stand gekom. Ook goud is ontdek en die plaas Spreeuwfontein het van 1891 tot 1893 93 745 onse spoelgoud gelewer. Op die plase Kleinwaterval, Ganzekraal en Hartebeestfontein is lonende goudriwwe ontdek. Tans word daar in die distrik na uraan gesoek en waardevolle vondste is reeds gemaak.

### Handel

Die mark was die spil waarom die sakelewe van dorp en distrik gedraai het. Uit die vroegste markverslae blyk dit dat veral die volgende produkte te koop aangebied is: botter, rosyne, droëvrugte, lemoene, kastaiings, langwaens, voortange, velle van wilde diere, olifanttande (tot 1865), tabak, sweepstokke, gansvere, vleis, riempievelle, soolleer, mielies, wyn, brandwyn, wa- en kardisselbome, stinkhout, geelhoutplanke, ens. Die meeste produkte was egter van plaaslike oorsprong, want feitlik ieder inwoner het 'n klein boerdery en 'n klompie diere op sy erf gehad. Die menigte koeie, perde, skape, bokke en varke het op die dorpsveld gewei, terwyl heelwat pluimvee ook aangehou is. Die algemene geldeenheid was die riksdaalder maar op 20 Maart 1855 is daar besluit dat daar voortaan in sterling op die mark gebie sou word en dat die markboeke ook in sterling gehou sou word.

### Banke

Sir John Molteno, eerste premier van die Kaapkolonie, het in 1854 die dorp se eerste handelsbank, die *Beaufort Bank* opgerig. Intussen het die *Standard Bank of British South Africa* ook sake begin doen. Ander banke het gevolg, soos die *Cape Commercial Bank* en die *Nationale Bank der Zuid-Afrikaansche Republiek Beperkt* wat op 16 Junie 1915 sake op Beaufort-Wes begin doen. Die *Nasionale Bank* en *Barclays Bank* het in 1924 saamgesmelt.

### Sakeondernemings

Een van die grootste winkels was dié van P.J. Alport & Co. Die gebou is omstreeks 1835 opgerig. Alport & Co., wat invoerders was, het feitlik alle soort ware

verkoop en het 'n groot drankwinkel aan die agterkant van die gebou gehad. Hulle het vuurwapens, ammunisie en kruit verskaf en het 'n eie kruithuis bokant die dorp gehad. Hulle was wol- en velleverkopers en het later ook 'n koringmeul en 'n takwinkel op Prins Albert gehad. In 1883 het Alport & Co. die munisipaliteit se eerste brandweerwa uit die VSA ingevoer. Watson, Tennant & Co. het reeds vóór 1840 sake gedoen. Die eerste beroepsfotograwe was Townshend en Townsend — en ene Folley. Dit was omstreeks 1850.

Fotograaf Frederick Townsend het omstreeks 1850 'n apteek geopen. In 1860 het P.J.J. Krummeck met 'n bakkery begin. Twee Grieke, Gebr. Tzamtzis, het in 1902 die Good Hope Café geopen.

Teen 1906 was daar drie motors op die dorp. Op 4 Augustus 1915 het die volgende advertensie in die *Courier* verskyn, geplaas deur C. de Smidt & Co.: "Fords are used by the Union Government Defence, Police, Postal and Excise Departments — also by the Rt. Hon. J.X. Merriman and other leading men. 5 lamps, generator, hood cover, curtains, wind screen, speedometer, pump, jack, all complete. 2 seater £175 — 5 seater £190."

**Die Landbougenootskap**

Die Agricultural Society het op 29 Februarie 1860 sy eerste landboutentoonstelling gehou. Veeveilings is minstens een maal per jaar in Kerkstraat gehou, waarvoor kraaltjies in die straat gemaak is. Ná 1850 is daar op wilde volstruise jag gemaak en die vere uitgevoer. In 1860 is die volstruise makgemaak en teen 1870 het die boere vere begin bemark. Arthur en William Kinnear

*Sakelui voor hul ondernemings in die twintigerjare van dié eeu.*
FOTO: DR. J.J. MARAIS.



was van die eerste volstruisboere in Beaufort-Wes. Ene Frans August het "ses-en-dertig slagen ontvangen voor het stelen van een volstruis ei van Mejufv Kinnear." Op 5 April 1913 het die dorpsraad verneem dat Paul Nel 352 volstruise sonder toestemming op die dorpsveld laat wei het. Daar is besluit om 'n rekening aan hom te stuur. In 1913 het die veremark skielik in duie gestort en die boere het teruggekeer tot skaapboerdery. *Die Diagnostiese Sentrum* is op 8 Maart 1966 geopen. Die inisiatief het grootliks van die landbougenootskap uitgegaan, maar die hele projek — die eerste in die Republiek, val onder die Departement van Landboutegniese Dienste en dien die distrikte Beaufort-Wes, Carnarvon, Aberdeen, Victoria-Wes, Fraserburg, Prins Albert, Willowmore en Murraysburg. Navorsing in verband met geel dikkop en onvrugbaarheid by ramme is tans aan die gang. Navorsing word ook gedoen oor die dassieplaag, besmetlike miskrame by beeste en toetsing van melkkuddes vir tering.

**SPORT**

Krieket is die oudste georganiseerde sport op Beaufort-Wes, en meer as 'n eeu gelede was daar reeds 'n krieketveld aan die bopunt van Birdstraat. Ná die Tweede Anglo-Boereoorlog het die seunskool 'n sterk klub opgebou. Kroukie is van 1867 af op Beaufort-Wes gespeel.

*'n Landloopspan van die Beaufort West Amateur Athletic Club, 1922.*
FOTO: DR. J.J. MARAIS.




Ná 1918 is 'n private kroukiebaan by die seunskool aangelê, maar dit is na sowat ag jaar gesluit. Twee tennisbane is op 14 Mei 1890 amptelik geopen. In 1918 het vloedwaters die bane byna onherstelbaar beskadig. Verdere oorstromings in 1937 en 1941 het die verskillende tennisbane verder beskadig. Tussen 1880 en 1920 het die skaatsgier Beaufort-Wes beetgepak. Gedurende 1911 is daaglikse skaatsbyeenkomste in die Coronation Hall gehou. Die koms van die eerste bioskoop het skaats 'n skielike dood laat sterf. Atletiek, rugby en sokker het gewoonlik op Beaufort-Wes hand aan hand gegaan. Op 5 Mei 1885 het die pas gestigte Football Club grond vir 'n voetbalveld aangevra, en op die 19de het die Beaufort West Athletic Sports Club ook toestemming verkry om 'n terrein vir byeenkomste te gebruik. Daarna is gereeld atletiekbyeenkomste en voetbalwedstryde op 24 Mei, koningin Victoria se verjaarsdag, gehou. 'n Sportunie is in April 1909 gestig om alle sportklubs saam te snoer. Die sterkste klubs was die Railway Football Club, die Swifts Association Football Club en die Villagers Rugby Club. Op rugbygebied was Villagers bepaald bobaas. Sokker is geleidelik op die agtergrond geskuif. Omstreeks 1919 het die Beaufort West Amateur Athletic Club op die toneel verskyn. Die Beaufort-Wessers was geesdriftige ondersteuners van atletiek.

**ONDERWYS**

Ten noordooste van die plaashuis-drosdy is daar in 1820 'n kerkie gebou wat die dorp se eerste goewermentskool geword het. Die geboutjie wat tot onlangs as konsistorie vir die gewese sendingkerk in Donkinstraat diens gedoen het, is ná 1825 deur ds. Fraser as tydelike kerk gebruik, en in die tyd van die Groot Trek het dit die tweede goewermentskool geword. Die Boys' Grammar School het in 1846 ontstaan as dagskool vir Kleurlingkinders, en het in 1865 die eerste Blanke-seunskool op die dorp geword. 'n Girls' Public School is op 15 Julie 1891 geopen.

**Die Orange Grove-meisieskool**

Beaufort-Wes het 'n groot behoefte aan 'n niegoewermentskool vir dogters gehad, en onder leiding van ds. W.P. de Villiers is £1 140 vir 'n kerkskool ingesamel. Op 14 April 1873 is die stigtingsvergadering van die Beaufort West Young Ladies' Seminary gehou; 29 Maart 1875 het die kerkraad die skool geheel en al oorgeneem en in 'n kosskool omgeskep. Op 27 Mei 1880 is 'n konsert in die stadsaal gehou ten bate van die skool wat toe bekend gestaan het as die Orange Grove-skool (as gevolg van die groot lemoenboord op die erf). In 1888 is die skool weens geldelike verlies gesluit, en in Januarie 1889 is die gebou deur die Beaufort Public Boys' School betrek. Gedurende 1893 het geldelike verknorsing ook tot die sluiting van dié skool gelei.

**Die Excelsior-skool**

Ds. Paul Roux het hom veral beywer vir die opheffing van minderbevoorregtes. As gevolg van sy bemoeiinge het 'n skool in 1907 tot stand gekom wat die naam Excelsior ontvang het. Die Afrikaanse taal het veld begin wen en in Desember 1917 het al die onderwyseresse van die Excelsior-skool 'n spesiale vakansiekursus in Afrikaans gevolg. Onder leiding van mej. A. van Heerden het die skool uitsluitend 'n voorbereidende skool geword. Teen die einde van 1968 is die skool vergroot. Namate die Boys' Grammar School feitlik deur die Girls' Public School verdring is, en nadat die Beaufort Public Boys' School boonop tot niet gegaan het, het die skoolkomitee 'n perseel begin soek om 'n nuwe seunskool op te rig. Die keuse het op die oop terrein tussen die Gamkarivier en die spoorwegstasie geval, en die skool is op 1 Februarie 1898 geopen. In Januarie 1926 is die gemengde Central High School daar naby geopen.

**MEDIESE DIENSTE**

Dr. James Christie het in 1833 na Beaufort gekom en in 1837 die eerste distriksgeneesheer geword. Die drie mees gevreesde siektes in die vorige eeu was pokkies, sifilis en ingewandskoors. In 1876 was sifilis so 'n algemene gevaar dat die Wetgewende Vergadering se hulp ingeroep is.

In 1834 het magistraat Meintjes die Koloniale Kantoor daarop gewys dat 'n plaaslike hospitaal broodnodig is, veral vir melaatse "heidenen". In Januarie 1837 het hy nog 'n geval van melaatsheid aangemeld. Toe daar nie aan sy herhaaldelike versoeke gehoor gegee is nie, het hy self op 26 Januarie twee mans, een vrou en 'n kind laat opneem in sy "receptacle for destitute persons." Vroeg in 1844 is vier nuwe gevalle van melaatsheid opgespoor. Dié "hospitaal" was tot in die sestigerjare in gebruik. In 1888 het Abraham de Klerk se eertydse woning 'n "lock hospital" geword. Gedurende 1907 het die gebou begin ingee en is in 1912 gesloop. In 1879, terwyl die spoorlyn in aanbou was, het die Spoorweë hul eie hospitaal opgerig.

Omstreeks 1885—1906 was daar 'n sanatorium vir borskwale op die plaas Lemoenfontein. In die gewese drosdygebou in Birdstraat was daar omstreeks 1920—30 'n sanatorium — die Matoppo House Sanatorium.

Voordat Beaufort-Wes 'n algemene hospitaal gehad het, was dit die gebruik om bejaarde vroue te huur om vir 1s. tot 2s.6d. per nag in siekekamers te waak. Op 'n openbare vergadering in 1914 is 'n Hospitaalraad saamgestel om met die Provinsiale Administrasie te onderhandel oor die oprigting van 'n algemene hospitaal. Die Hospital Board of Aid het die meeste fondsinsamelings gedoen. Op 5 Februarie 1927 het administrateur A.P.J. Fourie die hospitaal geopen. Daar was beddens vir dertien blankes en 4 Nie-Blankes. Op 1 November 1956 is daar verhuis na 'n moderne, hoogs doeltreffende algemene hospitaal. Die hospitaal het in Oktober 1955 'n eie bloedbank gekry, en voorsien tans ook in die behoeftes van buurdorpe.

Ná die Tweede Anglo-Boereoorlog en totdat Beaufort-Wes in 1927 sy eerste algemene hospitaal gekry het, is daar op verskillende plekke en tye private kraaminrigtings in groot woonhuise geopen. Daarbenewens was daar vroedvroue wat tot tien dae na 'n bevalling by die gesin ingeslaap het. Vandag beskik die dorp oor 'n ruim, goed toegeruste kraamafdeling in die algemene hospitaal. ■


PERSOONLIKE GETUIENIS — Mev. A. Stander, mnr. W.G.H. Vivier.

2. LITERATUUR

DE MIST, A. *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803.* Cape Town, 1954.

PENRITH, J. en C. JANSEN, *Die Groot Karoo.* Kaapstad, 1974.

SMIT, A.P. *Gedenkboek van die Ned. geref. gemeente Beaufort-Wes 1820—1945.* Beaufort-Wes, 1945.

VIVIER, W.G.H. *Hart van die Groot Karoo: 'n kerkgeskiedenis van Beaufort-Wes en omstreke.* Beaufort-Wes, 1975.

VIVIER, W.G.H. *Hooyvlakte: die verhaal van Beaufort-Wes 1818—1968.* Kaapstad, 1969.


# REGIONAL HISTORICAL SOCIETIES


*Marié van Heerden*


For some unknown reason the efforts of the Section for Regional History to maintain contact with local history societies have met with very little success. A copy of the first number of *Contree* was sent to all local history societies on the Section's mailing list, but there was little response. The Section for Regional History would appreciate news about the activities of these societies, new projects and new committees. Since we last wrote to them, however, no such information has been forthcoming except from the Sandton Historical Society, which sent us an invitation to an exhibition of photographs, furniture, pictures and other items connected with the Sandton area in the past.

Since we believe that local history societies have an important rôle to play in the documentation of local and regional history, this series introducing the societies to readers of *Contree* is repeated. The information is basically that of 1976 and may in some instances be out of date by now.

**LOWER ALBANY HISTORICAL SOCIETY (PORT ALFRED)**

The Society was founded in 1958 by the late Mr E. Morse Jones.

Its main objective is to arouse interest in people and places subsequent to the British Occupation; to provide information for dissemination to children and adults; to plan for the eventual housing of information gained; to preserve buildings of historical interest through the co-operation of their proprietors, private or public, and where possible via bodies created for this purpose; eventually to display movable objects housed in a museum or similar institution.

The society has a growing membership; monthly talks on excursions are scheduled; restoration work, although limited, has already taken place on its initiative; numerous inquiries by interested people are being answered and it has helped to inspire neighbouring areas to form historical societies. Through the society's mediation an 18 feet diameter water-wheel has been constructed.

The publications of the society are:

M.E. Morse Jones, *The Lower Albany Chronicles* (4 vols.); *The roll*